

# Saterdag 4 September

Skrifgedeelte: Titus 1:5-9

Fokusgedeelte: Titus 1:8-9

## God rus ouderlinge toe met sy betroubare Woord en Gees

Ons het in verse 6 en 7 die negatiewe eienskappe gesien wat 'n ouderling nie moet hê nie. In vers 8 en 9 word sewe positiewe vereistes gegee waarvoor 'n betroubare ouderling wel moet beskik. Meeste van hierdie vereistes het met die ouderling se karakter te doen en nie met sy kennis en vermoëns nie. Hoe jyself lewe en teenoor jou medemens optree, wys jou karakter.

“*Gasvryheid*” wys eintlik op jou liefdesdiens en 'n ontvanklike en oop hart vir jou medegelowige en vreemdelinge. Hy moet die “goeie liefhê” – veral om goed te doen tot voordeel van sy medegelowiges. “*Verstandig*” wys op nugtere denke en selfbeheersdheid om gebalanseerde leiding te gee en nie na uiterstes oor te slaan nie – dus 'n egalige persoonlikheid op wie 'n mens kan reken. “*Regverdig*” beteken dat jou verhouding tot God en jou medegelowige reg moet wees – niemand voortrek nie, maar almal gelyk voor God behandel. “*Vroom*” wys op sy heilige leefwyse en verhouding met God wat uitkom in sy optrede. “*Selfbeheersing*” is een van die vrugte van die Gees. Jy beskik oor die vermoë om jou sondige drange en impulse te beheer.

Ouderlinge wat aan God se betroubare Woord vashou, is goeie leiers omdat hulle hul eie voorkeure onderwerp aan dit wat God in die Bybel vra. As hy dan die Woord aan mense bring, is dit volgens die gesaghebbende leer van die apostels en daarom ook die leer van God. Met hierdie woord wat in hulle harte lewe, sal God hulle die vermoë gee om gelowiges te leer, te bemoedig/vermaan en dwaalleer te weerlê.

Hierdie belangrike opdrag kan 'n ouderling net doen as hy deur die verlossingswerk van Christus 'n nuwe mens is en deur die Gees gelei en toegerus word. Bid daarom vir jou dominee en ouderling(e).

*Sing: Psalm 134-1:4*

*Ds. TJ Potgieter (Theunis) (Port Elizabeth)*